

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 35 NO 04 • JULY / AUGUST 2021

**COVER CROPS AND NEMATODE  
MANAGEMENT: TOLERANCE TO  
MELOIDOGYNE ENTEROLOBII**

Pesticide maximum residue  
limits and market access

**WES-VRYSTAATSE KULTIVARPROEF  
ONDER BESPROEING  
OP BULTFONTEIN**

Tendense op  
varsproduktemarkte

PSA small grower development  
programme in Limpopo



# Tendense op varsproduktemarkte: Deel 3

Deur FP Coetzee en Pieter van Zyl, Aartappels SA

In Deel 1 is oorsigtelik gekyk na die rol van markte as 'n prysvormingsmeganisme asook die belangrikheid van funksionele markte. Ons kon sien dat die hoeveelheid sakkies wat buite-om varsproduktemarkte (VPM'e) verkoop word, skerp styg oor tyd. Gedurende 2020 was laasgenoemde meer as die verkope op VPM'e self (sien Deel 1, Figuur 8), wat moontlik 'n bedreiging kan inhou vir markte se rol as prysvormingsmeganisme.

In Deel 2 het ons gekyk na die tendense van alle produkte se verkope oor tyd. Die vernaamste produkte in terme van verkoopsvolumes op VPM'e is aartappels, uie, tamaties en piesangs. In Deel 3 kyk ons hoofsaaklik na die prestasie van individuele markte, veral in terme van volumegroei en groei in reële omset oor tyd.


Figuur 1 gee 'n aanduiding van die volume aartappels wat sedert 2003 op VPM'e verkoop is. Let op die sywaartse beweging van volumes verkoop vanaf 2015.

## Verskille in verkoopsgetalle


In 2016 was daar 'n daling as gevolg van droogte wat lae opbrengste tot gevolg gehad het, en in 2020 is daar 3 400 ha minder aangeplant, asook laer opbrengste as gevolg van weersomstandighede.

Tydens die inperkingstydperk wat op 27 Maart 2020 in werking getree het, het 'n beduidende hoeveelheid

Figuur 1: Volumes aartappels verkoop op VPM'e (kalenderjare).



Figuur 2: Jaarlikse verkoopsvolumes van die vier grootste markte.



10 kg-sakkies buite-om markte beweeg (sien Deel 1). *Figuur 2* toon die jaarlikse verkoopsvolumes op die vier vernaamste markte aan. Let op die markte se verskille in verkoopsgetalle.

Johannesburg-mark toon byvoorbeeld 'n beduidende styging vanaf 2009, met 'n styging in marktaandeel van 27 na 40%. Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat uitvoere ook deel uitmaak van Johannesburg-mark se syfers, aangesien buurstate aartappels koop omrede daar onder andere 'n groot verskeidenheid groente en vrugte op een plek is.

Pretoria-mark toon ook 'n stygende tendens oor tyd, teenoor die sywaartse koers van die Durban- en Kaapstad-markte. Pretoria se groei het in onlangse jare begin afplat. *Figuur 3* en *4* dui die mediumgrootte en klein markte se jaarlikse verkoopsvolumes oor tyd aan.


### Styging na jare se dalings

Dit wil voorkom asof enkele markte se volumes 'n sywaartse tendens toon (*Tabel 1*). Enkele markte se volumes het ook sedert 2016 gedaal. Springs-mark het egter ná jare se daling in volumes, sedert 2016 'n styging in volumes begin toon. Wat kan ander markte by Springs leer?


In *Figuur 5*, *6* en *7* word verskeie markte se reële omset (nadat voorsiening vir inflasie gemaak is) oor tyd uitgebeeld. Slegs twee van die vyf groot markte toon 'n styging in reële omset, aldus *Figuur 5*. *Figuur 6*, wat mediumgrootte markte insluit, toon dat Bloemfontein, Klerksdorp en Oos-Londen se reële omset 'n stygende tendens toon. Port-Elizabeth en Pietermaritzburg toon weer 'n dalende tendens. Waarom sal dit so wees?

*Figuur 7* toon die reële inkomste van nege klein markte aan. Beide die reële inkomste asook die volumes verkoop op die klein markte, toon oor die algemeen 'n dalende tendens oor tyd. Welkom is die enigste mark wat 'n styging in reële inkomste toon.


**Figuur 3: Jaarlikse verkoopsvolumes van die nege mediumgrootte markte.**



**Figuur 4: Jaarlikse verkoopsvolumes van die ses klein markte.**




**Figuur 5: Jaarlikse reële omset van die vyf vernaamste markte.**




Tabel 1: Prestasie van markte oor tyd (2003 tot 2020).

Mark	Gemiddelde marktaandeel	Volumes oor tyd	Reële omset oor tyd	Marktaandeel oor tyd
Johannesburg	33.5%	Groei	Groei	Groei
Pretoria	17.3%	Groei	Groei	Sywaarts
Kaapstad	10.4%	Sywaarts	Sywaarts	Sywaarts
Durban	10%	Sywaarts	Sywaarts	Sywaarts
Springs	4.5%	Daal, groei	Sywaarts	Daal, groei
Pietermaritzburg	3.7%	Daal, sywaarts	Daal	Daal
Port-Elizabeth	3.4%	Sywaarts	Sywaarts, daal	Daal
Klerksdorp	3.2%	Sywaarts	Groei	Sywaarts
Oos-Londen	3.1%	Groei	Groei	Sywaarts
Bloemfontein	2.5%	Groei	Groei, sywaarts	Sywaarts
Mpumalanga	2%	Sywaarts, daal	Daal	Sywaarts, daal
Welkom	1.7%	Groei	Groei	Sywaarts
Vereeniging	1.6%	Daal	Daal	Daal
Witbank	0.7%	Sywaarts, groei	Sywaarts	Groei
Kimberley	0.7%	Daal	Daal	Daal
Uitenhage	0.6%	Daal, sluit	Daal, sluit	Daal, sluit
George	0.5%	Sywaarts	Sywaarts	Daal
Nelspruit	0.4%	Daal	Daal	Daal
Umtata	0.3%	Sywaarts	Sywaarts	Sywaarts, daal


Figuur 6: Jaarlikse reële omset van die vyf mediumgrootte markte.



Figuur 7: Jaarlikse reële omset van die nege klein markte.



Figuur 8: Markaandeel van die vier vernaamste markte in Suid-Afrika oor tyd.




**Vier vernaamste markte**

In 2020 het die vier vernaamste markte amper 80% van die totale marktaandeel besig, met die 15 oorblywende markte wat die res van


die marktaandeel uitmaak het. Dit wil voorkom asof 42% van die markte in Suid-Afrika besig is om 'n aansienlike marktaandeel te verloor oor tyd.

Figuur 8, 9 en 10 gee 'n aanduiding van die onderskeie markte se marktaandeel oor tyd. Volgens Figuur 8, wat die vier vernaamste markte aandui, is dit


**Figuur 9: Marktaandeel van die nege mediumgrootte markte in Suid-Afrika oor tyd.**



**Figuur 10: Marktaandeel van die ses klein markte in Suid-Afrika oor tyd.**



**Figuur 11: Alle markte: Stygings in reële omset vs. in verkoopsvolumes oor tyd (1997 = 100).**



duidelik dat slegs Johannesburg en Pretoria oor die lang termyn in marktaandeel toeneem. Kaapstad en Durban beweeg sywaarts.

Figuur 9 dui die marktaandeel van mediumgrootte markte aan. Die algemene beweging van die markte se marktaandeel is afwaarts, met slegs drie markte wat die afgelope twee jaar 'n styging in marktaandeel toon. Figuur 10 dui die klein markte se bewegings in marktaandeel oor tyd aan.

Figuur 11 dui daarop dat die reële omset vinniger styg oor tyd as die groei in verkoopsvolumes op alle VPM'e. Dit blyk dus dat dit oor die algemeen redelik goed met markte gaan, maar soos daar in die vorige figure gesien is, is daar markte wat in terme van groei in verkoopsvolumes en reële omset, onbevredigend presteer.

Dit wil voorkom of slegs twee markte oor die lang termyn 'n groei in marktaandeel toon, naamlik Johannesburg en Witbank, aldus Tabel 1. Sewe markte se marktaandeel het sywaarts beweeg oor die lang termyn en ses markte se marktaandeel het weer gedaal. Een mark, Uitenhage, het selfs sy deure gesluit.

**Slotgedagte**

Volgens Figuur 11 lyk dit asof dit goed gaan op markte, maar wanneer individuele markte se groei in volumes en reële groei van naby beskou word, word 'n minder goeie prentjie geskets.

In 2020 het verkope buite-om markte vir die eerste keer die totale verkope op markte verbygesteek (sien Deel 1, Figuur 8). Groei direkte bemerkings dus ten koste van varsproduktemarkte? Bied die sogenaamde 'direkte' bemerkingskanale 'n beter waardeproposisie? Hoe deursigtig is transaksies egter wat 'direk' geskied? 🗨️

Vir enige navrae, kontak  
FP Coetzee by epos  
fp@potatoes.co.za.